
# Hoe lyk ons geloofslewe?



**Deel 4**



**2022-10-09**

**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

---

**Wat is geloof**

**Heb 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Glo ons nog in God?

Sal ons beweeg as Hy beveel?

Hy is 'n bonatuurlike God

Leef ons deur geloof?

Wat jy glo gebeur met jou

Jou lewe is soos jy glo

(Laat dit wees volgens jou geloof)

Heb 11:2
Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.

Maar julle, geliefdes, **moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof** en in die Heilige Gees bid. Jud 1:20

## Deel 1

- **Geroep / Kry 'n woord**
- **Gehoorsaam (vertrou en beweeg)**
- **Ons word gered deur geloof**
- **Die regverdige lewe uit die geloof**
- **Ons kan God nie behaag sonder geloof nie**
- **Om te gee vereis ook geloof**
- **Ons kry meer geloof deur die woord te hoor**

1Kor 13:13 En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Rom 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: **Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.**




Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

## Deel 2

- **Laat dit wees volgens <u>jou</u> geloof.**
- **Vergroot die mate van jou geloof.**
- **Die Here verwyt jou ongeloof**



**Mat 9: 29** Toe raak Hy hulle oë aan en sê: **Laat dit vir julle wees volgens julle geloof**.
30 En hulle oë het oopgegaan.

**<u>Hoekom het ons geloof?</u>**

1. **Sodat jy toetse kan slaag as jy op die proef gestel word.**

Heb 11:17 **Deur die geloof** het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer



# Deel 3

**Hoekom het ons geloof nodig?**

2. Geloof bring redding en genesing
3. Geloof bring oorwinning

Gideon
Barak
Simson
Jefta
Dawid
Sameul
Profete
Daniel

- **Koninkryke oorweldig**
- **Geregtigheid uitgeoefen**
- **Beloftes word verkry**
- **Bekke van leeus toegestop**
- **Deur die geloof in die lewende God**
- **Toegang tot die bonatuurlike**
- **Vuur uitgeblus**
- **Oorwinning in die oorlogsveld**
- **Vrymoedigheid**
- **Moed; Krag; Sterkte**

# Deel 4

## Hoekom het ons geloof nodig (vervolg)?





Hoekom het ons geloof nodig?

## 4. Geloof help jou om te verstaan

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. Heb 11:3

- **Ons glo die aarde het ontstaan op 'n woord van God**
- **Aarde het ontstaan vanuit iets wat nie gesien kan word nie.**



Hoekom het ons geloof nodig?

## 5. Geloof stel jou instaat om te offer aan God

Heb 11:4 Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

- **Na die sondeval word God gedien en behaag deur offers.**
- **Erken sondeskuld**
- **Kain het ook geoffer....**
- **God soek mense wat Hom in eerbied dien (regverdig = "in right standing with God").**
- **Jy offer jouself deur geloof. Glo Hy red jou**
- **Geloof om ook ander offers te bring**

### Hoekom het ons geloof nodig?

## 6. Geloof dra by tot jou verhouding met God

Heb 11:5 **Deur die geloof** is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy **God behaag het.**

- **Henog het met God gewandel**
- **Verhouding met God**
- **Geloof in God het die verskil gemaak**

Gen 5:22 En Henog het ná die geboorte van Metúsalag nog drie honderd **jaar met God gewandel**. En hy het seuns en dogters gehad.

Heb 11:6 En **sonder geloof is dit onmoontlik** om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

### Hoekom het ons geloof nodig?

## 7. Geregverdig deur geloof

Rom 5:1 Omdat ons dan uit die **geloof geregverdig** is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;
2 deur wie ons ook **deur die geloof die toegang** verkry het **tot hierdie genade** waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.

Rom 5:1 Therefore, since we are justified (acquitted, declared righteous, and given a right standing with God) through faith......

Hoekom het ons geloof nodig?

## 8. Geloof is nodig vir gebed

Maar hy moet in die **geloof bid**, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Jak 1:6

En die **gebed van die geloof** sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Jak 5:15



Hoekom het ons geloof nodig?

## 9. Dit het 'n invloed op ander om ons

Heb 11:7 Deur die **geloof** het Noag, toe hy 'n **goddelike waarskuwing** ontvang het aangaande **wat nog nie gesien was nie**, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.



